# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

“If you worried about being a good parent, it means you already are one.” Anonymous

In dié UIT DIE KANTOOR wil ek vir ons ouers dankie sê vir die ongelooflike ouers wat julle is. Ek weet almal van ons wat ouers is, twyfel of ons reg doen, want kinders het mos nie gekom met gebruiksaanwysings nie.

Ek kan egter met 'n geruste hart vir julle sê: “Knap gedaan!” Ons, wat met julle kinders werk in dié ongelooflike skool van ons, kan sonder twyfel sê ons werk met kinders wat geliefd en versorgd is.

Dankie dat julle vir julle kinders tyd maak en saam met hulle dinge doen en plekke gaan sien. Dankie dat julle hulle sport bywoon en betrokke is by die skool. Dankie dat julle vir hulle onthalwe in die snoepie en by ander geleenthede help. 'n Mens kan julle betrokkenheid en omgee in julle kinders se omgee met mekaar en gedrag by die skool sien.

Ek weet nie van nog 'n skool waar dissiplineprobleme amper nooit opduik nie. Ek weet nie van nog 'n skool waar 'n hoof kan sê kinders van alle ouderdomme kan saamspeel en daar is nie ‘n afknou en swak gedrag deur die ouer leerders nie.

Al die mooi eienskappe van ons kinders val nie net uit die lug nie, maar kom van ouers wat omgee en betrokke is. Ons as personeel geniet dit om met julle kinders te werk en dit maak dat ons ons beste vir hulle kan gee.

Laerskool Koue Bokkeveld is 'n uiters doeltreffende skool, maar wat dit uniek en besonders maak, is dat dit 'n plek vol lewe en gelukkige kinders is wat op dié vlak by geen ander skool gevind sal word nie.

Net die beste vir elke gesin!

*Pieter de Bruyn*



## KARAKTERBOU

Ons fokus hierdie jaar op verantwoordelikheid. Bokkies is verantwoordelik om hul eie klasse skoon te hou. Baie geluk aan die Graad 1's wat die afgelope twee weke gewys het dat hulle maar mág skoonmaak.

Ons is ook verantwoordelik om maats te help wat minder as ons het. Ouers wat graag wil help met die skryfbehoefte-projek, kan potlode, liniale en ander skryfbehoeftes na juffrou Rolien of juffrou Sumi stuur. Hierdie skryfbehoeftes sal aan ‘n buurskool geskenk word.



## KARAKTERKAMPIOENE

Die volgende Bokkies is gekies as Karakterkampioene.

Graad 1: Emory van der Kolf. Sy is gehoorsaam en pligsgetrou.

Graad 2: Zina Theart. Sy is gehoorsaam.

Graad 3: Emilee Engelbrecht. Sy is ‘n gretige leerder.

Graad 4: Zack le Roux. Hy is leergierig.


Graad 5: AJ Koopman. AJ is hulpvaardig.

Graad 6: Melia Burger. Sy werk met ywer en is altyd vriendelik.

Graad 7: Junishia Muller. Sy is baie hulpvaardig.

Ons is trots op dié leerders met hierdie mooi eienskappe.

# REDENAARS



Die volgende leerders neem in Mei aan Oppie Tong Af Redenaarskompetisie deel:

- CP du Toit - Graad 2
- Gian Gagiano - Graad 4
- Melia Burger - Graad 6
- Cassie du Toit - Graad 6
- Sebastian van Zyl - Graad 6
- Zoey Carolus - Graad 7
- Mia Gagiano - Graad 7

Baie sterkte met julle voorbereiding!

# EISTEDDFOD

Kaartjies om aan die Paarl Vallei Eisteddfod deel te neem, is nou beskikbaar. Skandeer die kode om 'n kaartjie te koop.
Onthou dat 22 Mei die laaste dag is waarop kaartjies gekoop kan word.
Deelname vind by die skool op 22 - 24 Julie plaas.

# NETBALPROEWE

Baie geluk aan die dogters wat deurdring na die volgende rondte van die netbalproewe. Ons wens hulle sterkte toe met hul deelname op die 9de Mei 2026.



V.l.n.r. Zenith Julies o.12, Marlizéy van Zyl o.11 en Helené du Toit o.12

# Konsert 2026




Ons is baie opgewonde oor hierdie produksie. Hierdie jaar neem Pregraad R tot 7 weer aan die konsert deel.
Alle leerders moet asseblief 'n fooi van R200 betaal om aan die konsert deel te neem. Hierdie fooi dek 'n deel van die beligting, grimering, kostuums en dekor.
Betalings moet asseblief voor die 26ste Junie 2026 per eft in die skool se rekening gedoen word. Gebruik u kind se naam + konsert as verwysing.

# FOTOBESTELLINGS



Fotokoeverte is aan leerders uitgedeel. Die "boetie&sussie-foto's" is ook aan oudste leerder uitgedeel. Hierdie foto's MOET asb betaal word. Stuur koeverte met korrekte bedrag geld terug na klasonderwyser asb.
Laaste dag vir bestellings is Woensdag, 27 Mei.
Indien enige navrae,
kontak Juf. Suretha by 0826351341



# SPORTTOERE TERUGVOER

Op 26 - 28 Maart 2026 het die o.13-netbal- en rugbyspelers aan die Karookop Toernooi in Clanwilliam gaan deelneem.
Die netbal is in die A-poel ingedeel.
Die netbaldogters se uitslae:

- Edgemead wen
- Pomario wen
- Drakenstein verloor
- Augsburg wen
- Hendrik Louw verloor
- Totius verloor
- Piketberg wen
- Olifantsvallei gelykop
- Wynland verloor
- Lutzville verloor

Rugby
Hier volg hul uitslae:

- Hendrik Louw B verloor
- Augsburg verloor
- Welgemoed verloor

Welgedaan aan al die spelers! Julle het jul harte uitgespeel deur die hitte. Dankie meneer Pieter, oom Elton en juffrou Lize dat julle hierdie spelers met soveel sorg en liefde vergesel het.

# WÊRELDBOEKEDAG




Ons wil elke leerder, onderwyser en ouer opreg bedank wat Wêreldboekedag so spesiaal gemaak het. Julle kreatiwiteit, entoesiasme en liefde vir lees het werklik die dag laat leef!
Dankie vir elke kostuum, elke storie en elke oomblik wat gedeel is. Julle het gewys: lees is nie net belangrik nie – dit is lekker!

# BAIE DANKIE

Graag wil ons o.13-netbaldogters die volgende borge bedank:

- Ecofit Consulting vir die netbalklere.
- Langrivier vir die rugsakkies.
- Africa Biomass Company vir die sokkies en hoedjies.
- Spilhaus vir die waterbottels.

Sonder hulle sou die dogters nie so mooi gelyk het by die sporttoer nie!





Die rugbymanne is ook baie in hul noppies oor hul nuwe klere en wil graag die volgende borge bedank:

- Langrivier boerdery
- De Keur
- ZZ2
- Du Toit groep
- AECI Plant Health
- Breërivier Besproeiing

Ons is baie dankbaar vir julle ondersteuning!





# FONDSINSAMELING

Dankie aan almal wat so fluks lootjies verkoop.

Daar is al `n hele paar leerders wat sommer `n komp boekies kom vra het!

Stuur boekies asb. dadelik terug wanneer dit heeltemal verkoop is, dit vergemaklik die invordering.

Onthou: Daar was `n verrassing aan die einde!

Gelukkige trekking: 17 Junie




# AKADEMIE

Die Junie-eksamenrooster is uit!
Maak seker dat leerders getrou hul kant bring en vroegtydig begin voorberei.
Alle ouers kan kennis neem van die skooltye tydens die eksamen.

Junie

EKSAMEN
TWEEDE KWARTAAL
GRAAD 4 TOT 7

SKOOLTYE
07:30 - 13:00

2026

| MA | DI | WO | DO | VR |
|---|---|---|---|---|
| 8<br>4 - Afr. Taal<br>5 - Eng. Lang<br>6 - Wisk.<br>7 - SW EN LO | 9<br>4 - Wisk.<br>5 - Afr. Taal<br>6 - Eng. Lang<br>7 - Afr. Taal | 10<br>4 - Eng. Taal<br>5 - SW<br>6 - NWT<br>7 - NW | 11<br>4 - SW<br>5 - Wisk.<br>6 - LV (PSW)<br>7 - Eng. Lang en Teg | 12<br>4 - LV (PSW)<br>5 - LV (PSW)<br>6 - Afr. Taal<br>7 - Wisk. en Kuns |
| 15<br>4 - 7<br>Spesiale Skool-vakansiedag<br>GEEN SKOOL | 16<br>JEUGDAG<br>GEEN SKOOL | 17<br>4 - NWT<br>5 - NWT<br>6 - SW<br>7 - EBW | 18<br>Kontrole van punte | 19<br>Pretdag |

# TENNIS




Druk op die foto om u bestelling te plaas!
Dankie aan elkeen wat ons tennisspan so mooi ondersteun.





# LANGNAWEEK

Let daarop dat dit die 27ste April en die 1ste Mei vakansiedae is. Die skool is volgende week Dinsdag, Woensdag en Donderdag oop.

Geniet die twee langnaweke!